

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

'N Leser wou die afgelope week by my weet of sy haar lewenspolis kan verkoop en aan wie. Kan dit gedoen word en wat is die implikasies?

Sy skryf iemand het haar vertel dat ek in een van my rubrieke geskryf het van iemand wat lewenspolisse oorneem vir 'n bedrag kontant, die premies daarop verder betaal, en by dood betaal die polis dan aan die betrokke persoon uit.

Nee, ek het dit nie geskryf nie. En nee, ek sou dit ook nie aanbeveel nie. Ek dink dit sou vir iemand in my posisie, of enige finansiële beplanner of makelaar, gruwelik oneties wees.

En voordat iemand my probeer wysmaak dit kan gedoen word: Ek sê dit is oneties. En wie nie daarvan hou nie kan maar 'n galpilletjie sluk.

Goed, kom ons kyk.

Laat jou kind jou polis oorneem

Dit is so dat mense in hul later jare soms 'n lewenspolis wil kanselleer "omdat dit nie meer nodig is nie". Ek meen dit behoort jou heel laaste opsie te wees.

My raad is altyd om dit in so 'n geval aan 'n familielid oor te dra, byvoorbeeld 'n kind wat dan die premies oorneem en as jy doodgaan die voordele van die polis kry.

'n Lewenspolis is seker geld. Dood gaan jy dood, neem dit van my af. En 'n lekker kontant-meevallier vir iemand na aan jou is nie te versmaai nie.

Jou kind (of enigeen) wat 'n lewenspolis by jou oorgeneem en die premies daarop betaal het, kan die som van die premies plus 6% rente per jaar aftrekbaar vir boedelbelasting kry. Ek kom terug na die boedelbelasting-kwessie.

As 'n persoon aan wie jy die polis oormaak vir jou 'n geldjie aanbied daarvoor, goed en wel. Maar as daardie persoon jou finansiële raadgever of makelaar is, loop weg. Hy of sy het nie jou belange op die hart nie, net sy of haar eie. Kyk weer my punt oor etiek hierbo.

Speletjies met 'n skerpioen

Soos met alles in die lewe is daar gevol-



ge. Hier is wat ek beskou as die belangrikste.

Die polisopbrengs is nie meer beskikbaar vir jou boedel nie. Dis tog logies.

Dit kan 'n kontanttekort skep (die enkel grootste probleem met die afhandeling van boedels) en die versorging van naasbestaendes kan daaronder ly.

Sou jy dit wel oorweeg om te verkoop, kyk na die waarde van die polis.

Die poliswaarde is gewaarborg om ten volle uit te betaal. Jy gaan tog nie halfpad dood nie, jy dood heeltemal, so die volle bedrag sal uitbetaal.

Kyk dan na die bedrag wat vir jou aangebied word. Ek is seker die mense gaan nie vir jou R1 miljoen aanbied vir 'n R2 miljoen-polis nie, net om dan rustig te sit en wag dat jy doodgaan.

En net hier is die stertjie met die vangplek.

Dis soos om met 'n skerpioen te speel. As jy die knipers gesystap het, steek die stert jou. Ons noem hierdie gifstert belasting.

Belasting kan uit boedel kom

'n Polis op jou lewe word in jou boedel opgeneem as 'n geagte bate. En dit word bygetel by al jou ander bates vir die berekening van boedelbelasting.

Dit maak nie saak of jy dit verkoop het, vir hoeveel of hoe min jy dit verkoop het, of aan wie jy dit verkoop het nie.

Die polis, wat in die geval onder bespreking vandag aan iemand anders uitbetaal, kan dus jou boedelbelasting verhoog, of selfs waar daar nie boedelbelasting betaalbaar sou wees nie 'n belastingplig skep vir die boedel - met negatiewe finansiële gevolge vir erfgename.

Die probleem lê op twee vlakke.

Die boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal eerstens dat die boedelbelasting wat geskep word deur 'n polis wat aan iemand anders uitbetaal (al het jy hom verkoop aan daardie ander persoon of instansie), moet betaal word deur die persoon wat die voordeel van daardie polis kry ná jou dood.

Dit geld sowel 'n normale begunstigde, of 'n persoon wat die nuwe eienaar van die polis is.

Die wet sê verder dat sou daardie persoon nié die boedelbelasting betaal nie, die eksekuteur van die boedel daarvoor uit die boedelgeld moet opdok. Hy of sy kan selfs bates, erfbates, moet verkoop om die boedelbelasting by te bring.

Die vraag is, hoe seker is jy dat die ko-

per van jou polis goedsmoeds daardie stuk boedelbelasting gaan betaal?

Die tweede punt raak die manier waarop die berekening gedoen word. Die boedelbelasting wat deur die polisopbrengs getrek word, word pro rata bereken teen die totale boedelbelasting betaalbaar.

Eenvoudig gestel, die polisopbrengs kan nie net 'n boedelbelasting-probleem skep in jou boedel nie, dit kan boedelbelasting skep in 'n boedel waar daar dalk nie boedelbelasting betaalbaar sou wees as dit nie vir die polis was nie. Dit danksy die pro rata-wyse waarop die berekening gedoen word.

Deur jou lewenspolis aan onetiese smouse te verkoop, het jy nie net 'n waardevolle finansiële bron vir naasbestaendes goedkoop gaan verkwaansel nie, jy het ook hul erfenis gaan beswaar met onnodige boedelbelasting, sonder enige voordeel.

Dink eers mooi voor jy doen.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen